Prentjies vertoon nie?
Regs-kliek in een van die blokkies sodat die prentjies kan aflaai.




Beste Wapadranter

# eNuus in kort

Kliek op die pyltjie hierbo om die video te speel. Jy kan ook direk op hierdie skakel kliek: https://youtu.be/WaVkvWeMFiI

# Wat gebeur by Wapadrant?

## Sondag 7 April

- Ds Marcel Floor word bevestig en lei die 08:30 erediens. Daar is **slegs een** erediens.
- Na afloop van die erediens volg ʻn **kort seremonie** in die kerk waarna ons saam kuier in die saal terwyl ons verversings geniet.
- Daar sal **geen** Kleuterkerk of Jeuggroepe plaasvind nie sodat almal die verrigtinge kan bywoon.
- Die liefdegawes word verdeel tussen Emeritaatsversorging en Barmhartigheid.




## Algemeen:

- Die **Bybelstudie vir Manne** vind elke Maandag 19:00 plaas.
- Die **Seniorbybelstudie hervat** Dinsdag 09:00 (in die konsistorie).

# ds Marcel Floor en gesin







# expando



# Knoop aan die oor


















# Preekrooster

## PREEKROOSTER

| DATUM | IDIOOM | TYD | PREDIKER |
|---|---|---|---|
| **7 April Bevestiging** | Kontemporêr | 08:30 | Marcel Floor |
| **14 April** | Kontemporêr<br>Klassiek | 08:30<br>10:00 | Rassie Smit |
| **21 April** | Kontemporêr<br>Klassiek | 08:30<br>10:00 | Peet Vermeulen |
| **28 April (Nagmaal)** | Kontemporêr<br>Klassiek | 08:30<br>10:00 | Rassie Smit |

Volg eredienste via Youtube

Volg eredienste via Facebook

# Wapadrant Bid Saam

## Ons vra voorbidding vir:

- Nickolina Kruger wat steeds in die intensiewe eenheid is na haar operasie.
- Bettie Stydom wie se suster verlede week haar aardse wedloop voltooi het.
- Hanlie Lombaard wat Donderdag (4 April) ‘n breinoperasie ondergaan het.
- Almal wat ongesteld is.

## Hartlik geluk aan:


- Gerhard en Marinda van Lochem. Hul dogter, Ester, het verlede Saterdag in die huwelik getree met Bernard van der Merwe.
- Wihan Rossouw. Hy is deel van Akustika (koor) olv Christo Burger. Hulle het Interkultuur se Vox Lucensis se "mixed choir", Musica Sacra en Grand Prix (algeheel) gewen.

## Gebed vir die week:




Versoek om by die gebedsgroep aan te sluit

# Spesiale versoek van die kerkkantoor






# Huisadresse word benodig

Die kerkkantoor het hierdie groot projek aangepak en gaan daarmee voort totdat hulle die ligging van al die lidmate se huise elektronies ontvang het. Ons wil graag al die adresse van lidmate op die databasis digitaal koppel aan ŉ elektroniese padkaart.

Vir dié doel versoek ons dat jy vir ons ŉ "location pin" van die posisie van jou huis via WhatsApp moet stuur. Die nommer is 0766398454 (admin foon). Hiermee sal ons dan:

- Kan sien wat is die gemeente se voetspoor in die Pretoria omgewing. (Sien ŉ voorlopige indeling bo links).
- Die Predikante kan ŉ adres makliker digitaal opspoor digitaal met huisbesoeke.
- Lidmate wat naby mekaar bly sal dan ook saam kan werk aan ŉ projek in hulle nabye omgewing wat weer verhoudings in die gemeente bevorder.

Indien jy gewonder het oor die POPI wet en die invloed hierop: dit het geen effek nie. Die POPI-wet bepaal dat die kerkkantoor wel data van lidmate mag insamel en berg. Die Kerkkantoor moet dus die berging en gevolglike hantering daarvan met ŉ veilige stelsel kan beskerm. Dit is tans die geval met die gemeente se databasis wat ook hierdie "Pin Locations" insluit.

Hoe kry ek die "location pin"?

# 'n Hart van gee

'n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog 'n kans. Gebruik die SnapScan-funksie en gee so ook jou donasie.

***Die verwysing is baie belangrik***. As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. "Liefdegawe" of "Kollekte" wees. Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as 'n "Kerkkas" bydrae.

Elektroniese inbetaling kan gedoen word na Geref. Kerk Wapadrant, Absa 3490151957. Merk die verwysing daarop asb. as "Donasie" of "Bydrae" met jou naam daarby. Jy mag ook anoniem bly.

Snap here to pay

SnapScan

# Ondersteun mekaar

Weet jy watter produkte of dienste deur mede-lidmate gelewer word? Kom ons ondersteun mekaar en bou sò aan ons stad.

Jy kan ook jou produkte en dienste hier adverteer. Dit is gratis. Stuur ‘n epos met besonderhede aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor